

Die sesde en sewende bakke van God se toorn (OP13)

Openbaring 16:12-21

11 Oktober 2020

Ons het laasweek begin om te kyk na die sewe bakke, oftewel die sewe laaste plaes. Ons het gesien hierdie bakke word deur 7 engele op die aarde uitgegiet. Die engele het uit die tent van die getuies in die hemel gekom. Hulle teiken juis die mense wat nie aan die getuies van Jesus vashou nie en nie lewe volgens God se geboorte nie, hulle teiken die mense wat die merk van die dier dra en sy beeld aanbid. Daar is verskeie ooreenkomste en tog ook verskille tussen die sewe bakke en die sewe trompette. Opsommend kan ons sê: Waar die trompette waarskuwings is wat God blaas om mense te waarsku dat hulle hulle moet bekeer, bevat die bakke reeds God se oordeel. 'n Ongelowige kan in hierdie lewe reeds die punt bereik dat God hom/haar nie meer waarsku tot bekering nie, maar reeds begin om te oordeel. Sulke persone se geleentheid tot bekering is verby, en hulle beleef reeds God se laaste plaes.

Vandag kom ons by die sesde en sewende bakke. Soos wat ons sal sien, is die sewende bak weer 'n beskrywing van die finale oordeel, terwyl die sesde bak voorbereiding is tot die finale oordeel.

Sesde bak van God se oordeel:

Volgens vers 12 het die sesde engel sy bak op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Vergelyk dit met die sesde trompet in Op 9:14 – hier word 4 engele losgemaak wat vasgemaak was by die groot Eufraatrivier. Dit gee aanleiding daartoe dat 'n derde van die mensdom doodgemaak word (Op 9:18), terwyl die res hulle nie bekeer het nie. Duidelik teiken die sesde trompet en die sesde bak weer dieselfde area, soos wat ons laasweek van die eerste 5 trompette en bakke gesien het.

Vers 12 beskryf ook dat die gevolg van die sesde bak is dat die water van die Eufraat opgedroog het en sodoende 'n pad gemaak het vir die konings uit die ooste. Water wat opdroog laat ons sekerlik in die eerste plek dink aan die Rooi See – waardeur die volk op droë grond kon trek, maar waar die Egiptenare verdrink het. Maar lees ook nou Jes 44:27-45:1. Hier is 'n profesie dat die waters van Babel sal opdroog sodat Kores kan kom om sy rol te vervul om Israel te verlos uit die Babeloniese ballingskap. Dit het dan ook in letterlikte vervulling gegaan deurdat Kores die water van die Eufraat afgekeer het en so Babel kon verower. Ten diepste is dit natuurlik nie Kores wat die water opgedroog het nie, maar God. Dieselfde beginsel geld hier in die sesde bak – die water word deur God opgedroog sodat die konings uit die ooste kan kom. Maar let op: By die Rooi See het God die water opgedroog om sodoende sy volk te verlos van 'n goddelose koning. In Babel het God die Eufraat opgedroog dat Kores hulle kan verlos van 'n goddelose koning. Die vraag met die sesde bak is egter: hoekom kom die konings uit die ooste deur die droë rivier?

In vers 13 beskryf Johannes die volgende ding wat hy gesien het, was dat daar uit die bekke van die drie diere, wat ons in Op 12-13 leer ken het, drie bose geeste gekom het. Hierdie geeste het soos paddas gelyk. Bo en behalwe dat paddas een van die plaes in Egipte is, word dit duidelik uit Lev 11:9-12 dat diere wat in die water lewe en nie skubbe en vinne het nie, onrein is. Paddas was dus onrein diere. Hierdie geeste is dus voorwaar bose, onrein geeste, soos wat vers 14 hulle dan ook beskryf.

Ons lees ook in vers 14 dat hierdie geeste wonderwerke doen. Onthou, in Op 13:1-5 het ons van die dier uit die see gelees dat hy dodelik gewond was aan sy kop, maar die wond het genees – en hierdie wonderwerk het die mense gefassineer. In Op 13:13 het ons gelees dat die dier uit die aarde wondertekens gedoen het – soos wat ons nou hier lees hierdie bose geeste wat van die diere uitgaan, ook doen. Dit is juis deur hierdie wondertekens dat die bose geeste die konings van die

aarde kan oortuig om te doen wat hulle wil. En wat is dit wat hulle wil? Hulle wil dat die konings bymekaar moet kom vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige. Ons lees ook op verskeie ander plekke in Openbaring van hierdie oorlog: In Op 19:19 waar dit beskryf word dat die dier en die konings van die aarde bymekaar gekom het vir die oorlog teen die Ruiters op die wit perd – wat natuurlik Jesus is en verwys na gebeure net voor die finale oordeel. In Op 20:8 lees ons van die Satan wat die nasies bymekaarmaak vir die oorlog – weereens net voor die finale oordeel. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat hierdie sesde bak ook 'n beskrywing is van gebeure net voor die finale oordeel. Dit stem ook ooreen met wat ons in Op 11:7 ev gelees het van die twee getuies teen wie die dier uit die onderaardse diepte oorlog gemaak het toe hulle getuies klaar gelewer was. Die getuies is doodgemaak en hulle lyke het drie dae in die hoofstraat gelê. Boonop, in die Ou Testament is daar heelwat verwysings na die dag van die Here, wat telkens dui op die oordeel van God oor die nasies – lees Sef 1:14-18. Sien jy wat hier gebeur? Die konings kom bymekaar onder leiding van die bose geeste uit die bekke van die diere en hulle dink hulle kom om finaal die kerk uit te roei – intussen is dit God wat 'n bak uitgooi, die riviere laat opdroog sodat hulle bymekaar kan kom, sodat die finale oordeelsdag kan aanbreek en God hulle kan oordeel. In die proses word God se kinders natuurlik ook verlos van hierdie diere en hulle volgelingen – soos wat by die Rooi See gebeur het, en toe Kores die volk verlos het van Babel.

Volgens vers 16, het die geeste die konings bymekaar gebring by Armageddon – 'n Hebreeuse naam. Letterlik beteken Armageddon “berg van Megiddo”. Dit is nou so dat hierdie die enigste plek is waar van Armageddon in die Bybel gepraat word. Dit is ook so dat daar nêrens in die Bybel van die berg van Megiddo gepraat word nie. Wat egter wel waar is, is dat daar 'n plek Megiddo was – noord van Jerusalem. En heelwat gebeure het by Megiddo en in sy omgewing plaasgevind:

- In Rig 4-5 lees ons van die stryd tussen Debora en Barak teen Sisera van die Kanaäniete. Dit was juis by Megiddo wat Sisera verslaan is (Rig 5:19).
- In 2 Kron 35:20-22 lees ons dit was by Megiddo wat koning Josia van Juda deur Neko van Egipte doodgemaak is, terwyl hy op pad was om die Assiriërs by Karkemis teen die Eufraat te gaan aanval.
- As jy na 'n berg gaan soek naby Megiddo, vind jy Karmel. Dit was hier wat Elia gestry het teen die Baälprofete en hulle oorwin het.

Sien jy wat by Armageddon gebeur? Goddelose konings wat die volk vervolg, loop daar hulle rieme styf (dink aan die konings van die aarde wat hierna geoordeel gaan word). Dit is ook daar wat gelowiges, soos Josia, lyding ervaar (dink aan die twee getuies wat doodgemaak is). Dit is ook daar wat die vals(e) profeet(e) gedood hulle einde bereik (dink aan die vals profeet wat die konings hier bymekaar bring met sy wondertekens).

In vers 15 is daar 'n waarskuwing: Onthou, Jesus kom onverwags soos 'n dief. As Armageddon nou voorbereiding is vir die finale oordeel wat gebeur met Jesus se wederkoms, beteken dit Armageddon kom ook onverwags – die twee gebeurtenisse loop hand aan hand. In Op 3:3-4 het Jesus die gemeente in Sardis gewaarsku dat Hy onverwags sal kom soos 'n dief. Hulle moet wakker wees, en nie hulle klere besoedel nie. In Op 3:18 het Jesus die gemeente in Laodicea aangemoedig om by Hom wit klere te koop om hulle skande en naaktheid te bedek. En nou, met die uitgooi van die sesde bak, herhaal Jesus dat die mense wakker moet wees, en hulle klere moet reghou. Ons het in die verlede al hieroor gepraat: die klere wat hulle behoort te dra is regverdige dade (Op 19:8-9). Dit is hoe gelowiges hulle voorberei vir die oordeel: hulle dra wit klere! Onthou, die gelowiges wie se siele onder die altaar was met die oopmaak van die vyfde seël het daar alreeds wit klere gedra (Op 6:11). Maar die wat die dier aanbid, sal egter kaal wees by Armageddon, en ook in die finale oordeel.

Sewende bak van God se oordeel

In vers 17-21 lees ons van die sewende bak wat uitgegiet word. In vers 17 lees ons dat 'n harde stem van die troon in die tempel uitgeroep het. Hierdie stem moet of God of Jesus se stem wees – immers kon niemand anders in die tempel ingaan nie (Op 15:8). Hierdie stem roep uit: “Dit is verby”. Die vraag is: Wat is verby? Enersyds moet ons onthou wat ons in Op15:1 gelees het: met hierdie sewe laaste plaes het God se toorn sy einde bereik. Nou is ons by die laaste plaag van die sewe laaste plaes – en dit moet dus beteken dat God se toorn nou sy einde bereik het. Maar kan ek jou ook herinner daaraan dat Jesus 'n soortgelyke uitroep aan die kruis gemaak het net voor Hy gesterf het (Joh 19:30). Kom ons dink nou hieroor: Wat het aan die kruis gebeur? Christus het geregtigheid bewerk vir die gelowiges, en Christus het die duiwel oorwin – onthou hy is uit die hemel gewerp (Op 12:9). Daar het Christus alreeds die toorn van God gedra vir al die mense wat aan Hom behoort. Vir hulle is God se toorn toe reeds verby. Daar het Jesus ook die duiwel oorwin deurdat God se toorn op hom gebrand het. Sedertdien was hy beperk tot die aarde, en hier is hy 'n instrument in God se hand – wat God gebruik om die konings van die aarde bymekaar te maak, sodat God se toorn hulle ook kan tref. Met die sesde bak is hulle deur die diere (maar ten diepste deur God) by Armageddon bymekaar gebring. En nou, met die sewende bak, met die finale oordeel, bereik God se toorn oor die diere en hulle volgelinge 'n klimaks. Soos wat ons al gesien het, en weer sal sien verder in die boek, eindig die diere en die ongelowiges in die poel van vuur met die finale oordeel. God se oordeel is gefel – hulle ontvang die straf wat hulle verdien. Hiermee is die God se oordeel afgehandel. God se toorn oor hulle het sy einde bereik – alhoewel hulle straf natuurlik vir ewig voortduur.

Vers 18 leer daar het toe weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Boonop was daar 'n aardbewing ook – die grootste aardbewing wat daar nog ooit op aarde was. En volgens vers 21 het dit ook gepaard gegaan met hael – baie groot haelstene – vyftig kilogram haelstene! Dit is opvallend dat met die beskrywing van die sewende plaag in Egipte in Eks 9:18 en 24 ook klem gelê word dat die haelstene groot was. Nou, hierdie stelling van weerligstrale, dreunings en donderslae het ons nou al verskeie kere raakgeloop. Dit kom natuurlik aanvanklik van Eks 19:16-18 af waar die heerlijkheid van God neergedaal het na die berg Sinai. Maar blaai nou saam met my deur Openbaring:

- Op 4:5 – troonvisioen – weerligstrale, dreunings, donderslae
- Op 8:5 – sewende seël – weerligstrale, dreunings, donderslae, aardbewing
- Op 11:19 – sewende trompet – weerligstrale, dreunings, donderslae, aardbewing, hael
- Op 16:18, 21 – sewende bak – weerligstrale, dreunings, donderslae, grootste aardbewing ooit, massiewe haelstene

Ons kan ten minste 3 beginsels hieruit haal:

- Dit sê iets van wie God is: Hy is groot en ontsagwekkend – soos hierdie verskynsels. Hy verander nie. Hierdie verskynsels het sy koms na Sinai gekenmerk, en in die Op 4 troonvisioen kenmerk dit steeds God.
- As die volk by Sinai is, is hulle sopas deur God gered uit Egipte. Wanneer God neerdaal na Sinai, is daar twee belangrike sake wat God vir hulle gee: (1) Hier gee Hy aan hulle sy wet, sy getuienis. Hiervolgens moet hulle lewe. Hy gee dit op kliptafels, deur Homself geskryf. (2) Hy gee ook aan hulle die opdrag om die tabernakel te bou. Onthou nou wat ons geleer het van die tabernakel – die tabernakel is 'n prentjie van die nuwe lewende weg waardeur gelowiges tot God nader (Voorhof – regverdigmaking, Heilige – heiligmaking, Allerheiligste – heerlikmaking). En in die Allerheiligste lê die wet, die getuienis.

Dit is egter juis uit die tent van die getuienis, dat die sewe engele kom met die laaste plae. Dit is juis die wat nie aan die getuienis vashou nie, vir wie die plae tref. Dit is juis wanneer die plae ‘n hoogtepunt bereik met die finale oordeel dat dieselfde natuurverskynsels beskryf word as destyds by Sinai – weerligstrale, dreunings, donderslae en ‘n aardbewing. Wat is die punt? Of jy loop die pad van verlossing langs die nuwe lewende weg, soos afgebeeld in die tabernakel en gerealiseer met Jesus se eerste koms, en dan het Jesus geregtigheid vir jou bewerk, God se wet in jou plek gehou, God se toorn in jou plek gedra aan die kruis, vir jou wit klere gegee om te dra. Of jy staan steeds onder God se oordeel. En God gaan oordeel volgens die getuienis – volgens Sy wet. Het Hy hulle nie nounet herinner dat hulle hulle klere (dit is regverdigde dade) moet reghou nie? Ek is oortuig hierdie herhaalde herinnering aan Sinai wanneer die finale oordeel beskryf word, is ‘n herinnering dat God gaan oordeel volgens Sy wet. Kyk maar weer na Op 12:17 – die nakomelinge van die vrou word beskryf as die mense wat die geboorte van God nakom en aan die getuienis van Jesus vashou. In 1 Pet 1:17 lees ons spesifiek dat God elke mens onpartydig volgens sy dade sal oordeel. Of kyk maar na Op 20:12 waar ons lees dat die dooies geoordeel word volgens alles wat hulle gedoen het. Kan ek jou herinner aan wat Nico geleer het: God red 'n sondaar volgens sy soewereine wil uit genade alleen, op grond van Christus se middelaarswerk alleen, deur die geloof alleen, tot goeie werke, en daarom uiteindelik volgens goeie werke.

- Soos wat die boek vorder leer ons al meer van die oordeel. Al bestaan die boek uit parallele beskrywings van die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, skuif die fokus al meer na die einde toe soos wat ons in die boek vorder. Ons sien dit in die meer detail wat gegee word soos wat ons vorder van die sewende seël, na die sewende trompet en nou by die sewende bak.

Volgens vers 19 het die groot stad in drie dele verdeel, die stede van die nasies het inmeekaargestort, en Babilon moet drink van God se gloeiende toorn. Die vraag is watter stad bedoel word met die “groot stad”? Verskeie voorstelle is al gemaak: Jerusalem, Rome, ens. Ek dink die antwoord is in Op 11:8. Hier word die groot stad waar Jesus gekruisig is, d.w.s. Jerusalem, beskryf as Sodom en Egipte. Wat ons moet onthou, is dat op hierdie stadium van die geskiedenis lyk dit of die konings van die aarde onder leiding van die diere gaan wen – dink maar aan die twee getuies wat dood in die hoofstraat lê. Die invloed geeste uit die bekke van die diere is oral – selfs in Jerusalem. Dit is nou moeilik om onderskeid te maak tussen Jerusalem en die ander stede. Die groot stad sluit waarskynlik dus Jerusalem in as deel van Babilon, oftewel stede van die nasies.

Vers 21 sluit af met die stelling dat die mense God steeds laster. Let egter op, in verse 9 en 11 is telkens gesê hulle het God gelaster en hulle nie bekeer nie. Op hierdie stadium, met die finale oordeel, is daar geen sprake meer van bekering nie. Die geleentheid daarvoor is finaal verby.

Toepassings

Ons leef in ‘n tyd waar daar groot klem geplaas word op rasonale denke – waarskynlik aangespoor deur groot vordering in die wetenskap. Kyk maar na die covid-19 debat – groot klem word daarop gelê dat dit volgens wetenskaplike beginsels hanteer moet word, en die verwagting is dat ‘n wetenskaplike deurbraak op die ou end die oplossing vir die pandemie gaan bring. Laat ek dit duidelik maak: Ek beskou myself as ‘n wetenskaplike. Ek is ook oortuig dat die wetenskap en die Bybel in harmonie met mekaar is – op voorwaarde albei word met integriteit hanteer.

Maar hierdie klem op die rasonale in ons tyd, gaan saam met ‘n afnemende klem op die geestelike. Europa is vir my ‘n tragiese voorbeeld hiervan: Dink aan die 16de eeuse hervorming wat daar plaasgevind het, en vergelyk dit met die grootskaalse ongodsdiensdigheid wat daar tans heers.

En tog lees ons hier dat dit bese geeste is wat uit die bekke van die diere kom, wat die konings van die aarde deur wonderwerke oortuig om by Armageddon bymekaar te kom. Onthou Ef 6:12 wat ons herinner dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bese geeste in die lug – waarskynlik hierdie bese geeste uit die bekke van die draak, dier uit die see en die vals profeet. Dit klink teenstrydig met die gebrek aan enige geestelike oorwegings wat tipies is van so baie plekke tans op die aarde. Ek dink Beale vra 'n geldige vraag as hy spekuleer dat dit juis die strategie van die diere is in ons tyd: Hulle mislei die wêreld om eksklusief die fokus op die wonders van rasionele denke, soos die wetenskap, te plaas, en daarmee saam om die geestelike fokus totaal te vergeet. Sien jy die ironie: die diere voer 'n geestelike stryd en mislei die wêreld deurdat hulle die wêreld oortuig daar is nie 'n geestelike stryd om te stry nie – fokus net op julle eie vermoëns om alle probleme op te los. Gelowiges, ons moet wakker wees om hier die verantwoordelike onderskeiding aan die dag te lê.

Ten slotte: Kan ek jou aanspoor om weer te gaan dink oor die implikasies van daardie heerlike waarheid waarvan ons lees met die oopmaak van die vyfde seël. Enersyds vra die afgestorwe gelowiges wanneer gaan God oordeel, en andersyds word daar gesê aan hulle is lang wit klere gegee. Die implikasie is – hulle, en dus ons as gelowiges, gaan die finale oordeel tegemoet – met wit klere aan – wat Jesus vir ons voorberei het, maar wat ook ons dade is.